**Bouwerk aan die Upper East Side-hotel behoort teen April volgende jaar klaar te wees.**

# Nuwe hotel toon hoe gesog Woodstock is

**Carin Smith,** Kaapstad

Nie net maak Woodstock 'n integrale deel uit van Kaapstad se kreatiewe kern nie, maar ontwikkelaars het die laaste jare al hoe meer die voorstad, knap langs die sakekern, se moontlikhede begin ontgin.

Dit is veral nuwe ontwikkelings vir gemengde gebruik wat gewild blyk te wees.

Volgens mnr. Andrew Hubbard, uitvoerende hoof van Queensgate Hotels & Leisure, sluit Woodstock al hoe meer aan by Kaapstad se sakekern en bied dit net sulke goeie uitsigte oor die see, berg en Skiereiland soos die middestad.

Woodstock se toenemende gewildheid en stelselmatige vernuwing het dit die keuse gemaak vir die bou van 'n nuwe 4-ster hotel en konferensiesentrum teen R200 miljoen. Dit is aan Brickfieldweg geleë en heet heel gepas Upper East Side.

Die ontwikkeling is 'n gesamentlike onderneming tussen The Swish Group, die Madison Fund en die Redefine Income Fund. Queensgate gaan die hotel bestuur. Na verwagting gaan die ontwikkeling lei tot die skep van 165 werkgeleenthede.

Bouwerk aan die hotel van 11 500m² met sy 176 kamers het al ver gevorder en sal na verwagting teen April 2010 voltooi wees. Die ontwikkeling bied ook 1 000 parkeerruimtes.

Een van die unieke eienskappe is 'n verdieping wat geheel en al aan vroue gewy word. Dié verdieping word ook deur vroue ontwerp.

Benewens 'n kleinhandelruimte van 2 500m², 'n spa en 'n amfiteater, gaan die hotel se restaurant sorg vir 'n spyskaart met 'n Afrika-inslag.